

# St. Petrus Chrysologus

## 30 Julie

Hierdie begeesterde biskop en Kerkleraar se manier van evangeliseer het ’n geweldige impak op die mense van sy tyd gehad. In die Evangelies is dit opvallend hoe eenvoudig Jesus die mense onderrig het. Hy het nooit gebruik gemaak van hoogdrawende teorieë en moeilike geleerde woorde nie. Jesus het eenvoudige verhale vertel wat almal kon verstaan. Hierdie biskop van Ravenna in Italië het dieselfde manier van onderrig gebruik. Mense het van heinde en verre gekom om na hom te luister. Hulle gee hom die bynaam ‘goue woord’ omdat hy, in ’n tydperk waar daar ingewikkelde argumente oor dwalinge en ketterye was, so eenvoudig die kern van die Blye Boodskap kon uitlê.

© Die Oratorium Uitgewery